Psalm 18/2 : Dit is God wat die oorwinning gee (2,17-35,51)

Vir die koorleier. 'n Lied van Dawid, die dienaar van die Here. Hy het dié woorde tot die Here gerig op die dag toe die Here hom gered het uit die mag van al sy vyande en uit die mag van Saul.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001. Melodie: *Ek het U hartlik lief, o Heer* – PK de Villiers 1937.

Refrein



Almal: Ek het U baie lief, Here, my Sterkte.
Vroue: Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp,
my uit geweldige waters uitgelig.
Mans: Hy het my gered van my vyand wat sterk was, van my haters toe hulle vir my te magtig was. Die dag toe hulle my aangeval het, was my ondergang naby,
maar die Here het my daarvan bewaar.
Vroue: Hy het my in vryheid laat uitgaan, my gered omdat Hy my liefhet.
Mans: Die Here het aan my reg laat geskied, Hy het my onskuld aanvaar,
want ek het die wil van die Here gehoorsaam en my nie teenoor my God skuldig gemaak nie; ek het my deur al sy bepalings laat lei en nie van sy voorskrifte afgewyk nie.
Vroue: Ek was opreg voor Hom, ek was op my hoede teen enige ongeregtigheid.
Die Here het aan my reg laat geskied, want ek was onskuldig in sy oë.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Voorg: U betoon U getrou teenoor die getroue, opreg teenoor die opregte,
rein teenoor die reine, maar U verwerp die huigelaar.
U red die verdrukte volk, U verneder die trotses.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Almal: U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my.
Met u hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie.
Vroue: Wat God doen, is volmaak; wat die Here sê, is suiwer.
Mans: Elkeen wat by hom skuiling soek, beskerm Hy.
Almal: Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as God is ons rots?
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Vroue: God omgord my met krag; Hy maak my pad voorspoedig.
Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok; op hoë plekke laat Hy my stewig staan.
Mans: Hy leer my hande om oorlog te maak, my arms om selfs die stramste boog te span.
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.
Voorg: Dit is Hy wat aan sy koning groot oorwinnings gee en trou aan sy gesalfde betoon, aan Dawid en sy nageslag vir altyd!
Refrein: Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.